

SOOS KRISTAL

Die mooi
ontwerp van
dié lappie is
duidelik
afgeëts teen
die
koningsblou

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g Pin-gouin-hekelgaring Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; sp(s) - spatie (spaties); p - picot (= 3 kettingsteke en 1 glipsteek in eerste kettingsteek); sluit-gs = glipsteek om ring mee te sluit; blk (e) - blok (blokke).

Onthou dat 3 kettingsteke die 1e langbeen van elke rondte vervang.

AANWYSINGS: Beginrondte: 16 ks, sluit-gs.

1e rondte: 32 lb in ring, sluit-gs.

2e rondte: *1 lb in 1e lb van vorige rondte, 5 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb in vlg lb, 3 ks, slaan 3 lb oor; herh nog 3 keer van *, sluit-gs.

3e rondte: *(3 lb, 3 ks, 3 lb) in 5-ks-sp (hoek-sp), 1 ks, 3 lb in vlg sp, 1 ks; herh nog 3 keer van *, sluit-gs.

4e rondte: *slaan 1 lb van vorige rondte oor, 2 lb op vlg 2 lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 2 lb in vlg 2 lb, 1 ks, 1 lb in sp, 3 lb in lb, 1 lb in vlg sp, 1 ks; herh rondom, sluit-gs.

5e rondte: *slaan 1 lb oor, 3 lb in vlg lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 3 lb in vlg lb, 1 ks, 1 lb in sp, 5 lb in lb, 1 lb in vlg sp, 1 ks; herh rondom, sluit-gs.

6e en 7e rondte: Soos 5e rondte.

8e rondte: *Slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg st, 1 ks, slaan 1 st oor, 4 lb in lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 4 lb in lb, 1 ks, slaan 1 lb van vorige rondte oor, 1 lb in vlg st, 1 ks, 1 lb in vlg sp, 1 ks, slaan 1 lb oor, 9 lb in vlg lb, 1 ks, 1 lb in vlg sp, 1 ks; herh rondom, sluit-gs.

9e rondte: *1 lb en 2 ks in sp, slaan 2 lb aan syrand oor, 4 lb in vlg lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 4 lb in vlg lb, 2 ks, (1 lb en 1 ks) in elke sp van vorige rondte, slaan 1 st op syrand oor, 7 lb, 1 ks en 1 lb in elk van vlg sps, 1 ks; herh rondom, sluit-gs.

10e rondte: Soos vorige rondte.

11e rondte: *1 lb en 2 ks in sp, slaan 2 lb oor, 4 lb in vlg lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 4 lb in vlg lb, 2 ks en 1 lb in elk van vlg sps, 2 ks, slaan 1 lb op syrand oor, 3 lb, (2 ks, 1 lb) in elke vlg sp, 2 ks; herh rondom, sluit-gs.

12e rondte: 1 lb in lb, 2 ks, 3 lb in lb, 2 ks, slaan 2 lb oor, 1 lb in vlg lb, 13 ks, 1 lb in vlg lb, 2 ks, slaan 2 lb oor, 3 lb; *2 ks, 1 lb in vlg lb, 2

lb in vlg sp, 1 lb in vlg lb (=1 blok)*; herh van * tot * nog 6 keer op vlg syrand, 2 ks; herh rondom, sluit-gs.

13e rondte: 1 blk in 1e sp, 2 ks, 16 lb in hoek-sp, 2 ks en 1 blk nog 6 keer op vlg syrand; herh rondom, sluit-gs.

14e rondte: 2 ks, (1 lb, 1 ks) 15 keer in vlg 15 lb, 1 lb in vlg lb, (2 ks, 1 blk) 6 keer op-vlg syrand; herh rondom, sluit-gs.

15e rondte: 3 ks, (1 lb, 2 ks) 15 keer in vlg 15 lb, 1 lb op lb, 3 ks, (1 blk, 2 ks) 5 keer op syrand; herh rondom, sluit-gs.

16e rondte: Soos vorige rondte, maar met 4 blke op syrande.

17e rondte: 4 ks, (1 lb, 3 ks) 15 keer, 1 lb in vlg lb, 4 ks, (1 blk, 2 ks) 2 keer op syrand; 1 blk in vlg sp; herh rondom, sluit-gs.

18e rondte: Soos vorige rondte, maar met 2 blke op syrande.

19e rondte: 5 ks, (1 lb, 4 ks) 15 keer, 1 lb in vlg lb, 5 ks, 1 blk op syrand; herh rondom, sluit-gs.

20e rondte: 5 ks, (1 lb, 2 ks, 1 picot, 2 ks) 15 keer, 1 lb in vlg lb, 5 ks, 1 kb in middel van 4-lb-blk; herh rondom. Knip garing af en heg netjies af.